



“Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: Dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.”

1 Petrus 5:8-9

Desember 2021

1 Ethiopië

Khalid* bly vasberade ten spyte van sprinkane wat vroeër vanjaar sy oes vernietig het, Covid-19 en die politieke konflik in sy gebied. Hy vra dat ons sal aanhou bid dat hy sterk en gesond sal bly om vir sy familie te voorsien en dat God hom kan gebruik.

2 Nigerië

Bid vir die groeiende aantal weduwees in Nigerië. Bid dat hulle op God sal steun en op Hom sal vertrou vir al hul behoeftes. Bid dat God hulle waardigheid sal herstel en dat baie Hom as hul Verlosser en Vader sal leer ken.

3 China

Broer Ma* en sy vrou bedien Gelowiges vanuit ’n Boeddhistiese Agtergrond in westelike China. Bid vir hulle vir goeie gesondheid en dat hulle in die bergagtige gebiede sal kan werk sonder om deur bergsiekte geaffekteer te word.

4 Laos

Athit is tot Maart 2022 onder huisarres en word verbied om te preek, Christelike aktiwiteite te organiseer of om buite sy dorp te gaan om te evangeliseer. Bid vir Athit terwyl hy uitdagings in sy bediening ervaar.

5 Suidelike Filipyne

Sedert die pandemie is Gelowiges vanuit ’n Moslemagtergrond meer vasberade om die Evangelie met hul families en bure te deel. Bid dat God aan hulle geleentheid sal gee om die Evangelie met dié rondom hulle te deel.

6 Sentraal-Asië

h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond is deur haar twee volwasse seuns onderdruk en vervolg vir haar geloof. Haar oudste seun het wonderbaarlik om verskoning gevra. Prys die Here vir beantwoorde gebede. Hou asseblief aan bid vir haar tweede seun, wat steeds baie vyandig is.

7 Tanzanië

Vroue word dikwels aan fisiese en seksuele geweld onderwerp as h manier van vervolging. Soms kan die geweld selfs tot die dood lei. Bid vir hulle beskerming en dat die Here vroue se geloof en vertroue in Hom sal versterk.

8 Burundi

Toe Jamal*, h voormalige Imam, h Christen geword het, was die mense in sy dorpie woedend, en sy vrou het hom probeer vergiftig. Hy is geforseer om te vlug en skuil nou in h nabygeleë dorp. Bid dat die Here vir Jamal sal help om h kerk te vind waar sy geloof en begrip van die Woord kan groei en versterk.

9 Mianmar

Ons dank die Here vir Sy beskerming oor ons plaaslike vennote en die suksesvolle aflewering van medisyne aan gelowiges, ten spyte van uitdagings. Bid dat Hy voortdurend saam met ons plaaslike vennote sal wees terwyl hulle na gelowiges in die land uitreik.

10 Arabiese Skiereiland

Bid vir Evangelisasie-aktiwiteite in hierdie hoofsaaklike Islamitiese lande. Bid dat al die saadjies van waarheid wat tydens Ramadan en die res van die jaar gesaai is, sal wortel skiet in die harte van dié wat soekend is.

11 Israel

Spanning tussen die Arabiese en Joodse gemeenskappe het gegroei sedert geweld maande gelede uitbreek het. Bid vir herstel en die moontlikheid van "Leef die Koninkryk saam" vir die Christen-gemeenskappe onder die Arabiere en Jode in Israel.

12 Sri Lanka

Rashmi (10) is deur drie seuns aangerand omdat sy h Christen is. Dit het ernstige skade aan haar ruggraat en laer buik aangedoen, wat veroorsaak dat sy nie behoorlik kan loop nie. Tog bly haar geloof in God sterk. Prys God vir kinders soos Rashmi, wat aanhou om Hom in moeilike tye te prys.

13 Nepal

Sitaram* is valslik aangekla en gearrester vir dwelmsmokkeling. Terwyl hy in aanhouding was, is hy gemartel en het hy verlam geword. Bid vir sy genesing en vir sy familie, wat emosioneel en geestelik gebreek is deur die voorval.



14 Bhoetan

In landelike gebiede ontmoedig die dorpsleiers mense om bymekaar te kom en te bid onder die voorwendsel van Covid-19, selfs al is daar geen regulasies van die regering nie. Bid dat gelowiges bymekaar sal kan kom en saam sal kan bid terwyl hulle alle Covid-19-protokols nakom.

15 Maleisië

Ons plaaslike vennote hou "Standing Strong Through the Storm" (SSTS)-opleidingsessies aanlyn. Bid dat die opleiding doeltreffend sal wees en dat die Covid-19-gevalle in Maleisië sal verminder sodat ons vennote gelowiges weer met opleiding en projekte kan ondersteun.

16 Noord-Korea

Bid vir die Bybelstudie-byeenkomste van Noord-Koreaanse vroue wat slagoffers van mensehandel is. Hulle vrees dat hulle uitgang of gedeporteer sal word. Bid vir God se beskerming vir die groepe en hul lede.

17 Maledive

Deesdae is die lewe baie moeilik vir Maledivers. Isaac, 'n Christen-leier, het gedeel: "Dit is tyd vir die Kerk om op te staan en 'n seën te wees, om vir die Maledive en ekonomiese herstel te bid sodat dit 'n getuienis van die goedheid van God kan wees." Bid saam met ons en Isaac vir die Maledive.

18 Ivoorkus

Bouna*, 'n dissipelmaker, wie se kerk onlangs motorfietse van Geopende Deure ontvang het, sê: "Geopende Deure het na God geluister en op die regte tyd opgetree... mag julle ore al meer ingestel wees op die stem van God sodat julle kan optree!" Prys die Here vir beantwoorde

www.opendoors.org.za

(Ivoorkus vervolg)

gebede. Bid dat ons altyd sensitief sal wees vir die stem van God in ons bediening.

19 Colombië

Colombië het 'n lewende God, wat magtig werk deur die Heilige Gees. Bid saam met ons dat Hy die Kerk as 'n banier sal ophys om Sy lig in hierdie donker land te laat skyn.

20 Ethiopië

Te danke aan jou ondersteuning, kon Geopende Deure vir Hiwot, 'n weduwee, help met skape en 'n koei. Dit het haar gehelp om vir haar familie te voorsien en het haar sosiale aansien in haar gemeenskap herstel. Prys die Here vir Sy voorsiening. Bid dat Hiwot se dorpie deur haar getuienis verander sal word.

21 Kirgistan

Hierdie jaar tydens Ramadan is 'n paartjie, Djalil* en Zaida*, onder druk geplaas in hul dorpie oor hul bekering en bediening. Dorpenaars het selfs probeer om hulle uit die dorpie te verjaag. Hulle vra vir gebed en wysheid in sulke moeilike situasies.

22 Bangladesj

"Dit is baie moeilik om saam met ongelowiges te leef, veral wanneer hulle die meerderheid is... dikwels ervaar Christene diskriminasie en vervolging," het 'n vervolgte gelowige gesê. Bid vir krag vir die Kerk om "die ander wang te draai" en hul vervolgers te vergewe.





(Indië vervolg)
hierdie uitdagings.

27 Sirië

Dwelms, ateïsme en pornografie is besig om in Sirië te versprei. Bid dat die Kerk h kragtige impak op tieners en jongmense sal hê om hulle na Jesus te lei en hulle te help om op die regte pad te bly.

28 Viëtnam

In 2020 is drie gelowiges opgesluit omdat hulle blykbaar h bewaarde woud onwettig vernietig het. Volgens hulle pastoor is dit oor hul geloof. Bid dat God hulle getuies en situasie sal gebruik om ander na Hom te draai.

29 Broenei

Self voor Sjaria-wetgewing (Islamitiese wette) in die land geïmplementeer is, was dit reeds moeilik om h Bybel te bekom, veral in plaaslike inheemse tale. Inheemse gelowiges hunker na hul eie Bybels in hulle moedertaal. Bid dat God deure sal oopmaak vir Sy kinders om dit in die hande te kry.

30 Indonesië

Baie jong Christene soek h lewe vry van bekommernisse en probleme. Die realiteit is dat gelowiges uitdagings en vervolging sal verduur. Bid dat jong gelowiges ontvanklik sal wees vir die realiteite van Christenskap en dat hulle gereed sal wees om sterk te staan wanneer hulle geloof uitgedaag word.

31 Oesbekistan

Leiers van klein huiskerkgroepe benodig bemoediging, maar die aantal Covid-19-gevalle is steeds hoog, wat besoeke moeilik maak. Bid vir geleenthede om hierdie huiskerkgroepe te besoek. Bid ook vir die veiligheid van die huiskerkgroepe wat in Moslemgemeenskappe is.

23 China

Die Kerk word verbied om enigiemand onder die ouderdom van 18 te bedien. As resultaat moes die Kerk kreatief raak om jongmense te bereik. Bid vir God se wysheid en leiding vir die Kerk om die volgende generasie vir die Koninkryk te bereik.

24 Afganistan

Om saam met ons broers en susters te bid, is h geestelike omhelsing, een wat twee harte verbind sodat hulle as een kan klop vir die Een. Bid saam met ons vir gelowiges in Afganistan dat God vir hulle sal intree in hierdie onseker tyd.

25 Jemen

Indien jy saam met meer as drie tot vyf mense in die Houthis-regeerde gebied bymekaar kom, kan jy vervolgt word. Maar gelowiges benodig en hunker na samesyn. Bid vir h plek in die gebied waar Christene bymekaar kan kom en in klein groepe samesyn kan hê.

26 Indië

In baie gebiede is die konstruksie van kerke kragdadig gestop, en kerkgeboue word deur Hindoe-ekstremiste vernietig. Bid vir God se ingryping en krag vir gelowiges en pastore om sterk te staan te midde van al



Januarie 2022

1 Wêreldwye Liggaam van Christus

In hierdie nuwe jaar, bid dat God by ons as die wêreldwye Liggaam van Christus sal wees. Bid dat Hy die Kerk sal gebruik om h moedige en brawe getuie vir Hom te wees, terwyl ons steeds h pandemie en verskeie sosiale kwessies in die gesig staar.

2 Geopende Deure wêreldwyd

Namats ons voortgaan om ons vervolgte familie te dien terwyl vervolging en diskriminasie teen hulle toeneem, bid dat God aan ons wysheid sal gee oor hoe om hulle die beste te dien in h veranderende omgewing en dat Hy ons in staat sal stel om hulle te dien.

3 Ons wêreld

Regoor die wêreld staar mense baie uitdagings in die gesig – van oorlog tot misdaad en armoede. Baie leef met onsekerheid en het geen hoop vir die toekoms nie. Bid dat terwyl baie mense om hulp roep, God hulle sal hoor en hul gebede volgens Sy wil sal beantwoord en dat baie sekerheid en hoop in Hom sal vind.

4 Suid-Afrika

Ons land het baie uitdagings oor die laaste twee jaar gehad, veral vanweë Covid-19. Bid dat ons leiers ons land vorentoe met wysheid sal lei. Bid dat God die regte leiers

(Suid-Afrika vervolg)

op die regte tyd sal oprig om ons nasie te lei tot alles wat God ons geroep het om te wees.

5 Kenia

Malia* se familie het haar in h huwelik met h ouer Moslem-man gedwing. Sy het swanger geraak en weggehardloop omdat dit h misbruikende omgewing was. Bid dat Malia sterk in haar geloof sal groei en dat sy haar dogter sal grootmaak om Jesus te ken en lief te hê.

6 Guinee

Prys God vir Patrick en sy familie, wat ten spyte van vervolging in hul dorpie bly om Sy getuies te wees. Bid dat die Here Patrick en sy familie sal beskerm teen dié wat teen hulle saamsweer en dat dit h kragtige getuienis vir Jesus Christus sal wees.

7 Iran

Verlede jaar het die verkiesing van die nuwe president, Ebrahim Raisi, h same-smelting van mag deur die konserwatiewe en onversoembare groepe meegebring. Dit is moeilik om te voorspel watter uitwerking dit op die land en die Kerk sal hê, maar ons verwag dat dinge nie makliker vir Christene gaan word nie. Bid vir die Here se volgehoue krag vir die Kerk in dié land.

8 Suidelike Filippyne

Regeringsamptenare het Hameed gekies om h gemeenskapsontwikkelingsprojek vir sy mense te help bestuur. Hy het nie besef dat mense na Islam sal moet omskakel om daardeur gehelp te word nie. Bid dat Christene nie sal toegee vir tydelike voordele nie.

9 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Charlotte (12) se pa het gedreig om haar aan te rand of dood te maak omdat sy h Christen geword het. Hy wou haar ook dwing om met h 45-jarige Moslem-sakeman te trou. Haar kerk het besluit dat die veiligste is om haar te help om na h tante te vlug. Bid dat God sal aanhou om vir haar gasvrou se familie te voorsien.

10 Sentraal-Asië

Adil* (20) is vervolgt, geslaan en verwerp oor sy geloof. Ten spyte van alles wat met hom gebeur het, wil hy die Kerk dien. Bid vir h geleentheid vir hom om vaardighede in h beroep te kry en wysheid oor wat God se planne vir sy lewe is.

11 Libanon

Waar jy ook al gaan, hoor jy dat daar nie middels soos brandstof, elektrisiteit, medisyne en geld is nie. Maar daar is steeds opgeleide mense, kinders en jeug wat bereid is om te leer. Bid vir mense se vindingrykheid om herstel en gebruik te word om die aaklige situasie in Libanon om te keer.

12 Broenei

Lily*, h gelowige en leier van h plaaslike kerk in Broenei, ervaar die impak van onenigheid. "Onenigheid beteken dat almal ly onder vertraagde besluite, moedeloosheid, verdedigendheid en hopeloosheid," sê Lily. Bid vir eenheid, vergewensgesindheid en samewerking in haar kerk.

13 Irak

Bid dat die Kerk, wat sedert Jesus se dissipels se tyd in Irak is, sal voortgaan met hul ewigheidsboodskap. Bid ook vir die jongmense wat in die voetspore van Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego volg, om hulle heel beste vir die land te gee.

14 Tunisië

Emina* kan nie meer by haar huis bly nie. Sy word nou deur ander gelowiges versorg. Bid dat haar situasie sal verander en beter sal word.

15 Libië

Verskeie jong Moslem-mans het Ahlem* se familie genader om met haar te trou. Sy wil egter nie met h ongelowige trou nie. Bid dat God haar hartsbegeertes sal vervul met die regte man.

16 Nigerië

Sedert November 2020 het h nuwe vlag militante Fulani-aanvalle gelowiges ontwortel en Christene uit dorpie in die Middel-Belt laat vlug. Covid-19 maak die lewe nog moeiliker vir dié wat ontwortel is, met talle mense wat geen slaapplek het nie. Bid dat die Here in die behoeftes van diegene wat ontwortel is, sal voorsien.

17 Viëtnam

In Junie verlede jaar is ses Christen-families in h provinsie naby die Chinese grens vanweë hulle geloof uitgesluit toe die regering watertenks uitgedeel het. Bid dat God hierdie families van watertenks sal voorsien sodat hulle nie ver hoef te reis om water te kry nie.

18 Arabiese Skiereiland

h Gelowige in die Arabiese Skiereiland het baie ernstige uitdagings ervaar omdat hy Christus aanvaar het. In sy poging tot h nuwe begin, het hy sy naam verander, wat

(Arabiese Skiereiland vervolg)
daartoe gelei het dat hy sy werk verloor
het en verstoot word. Bid dat God Hom sal
bedien.

19 Wêreldwaarnemingslys

Vandag is die wêreldwye vrystelling van
Geopende Deure se 2022 Wêreldwaarne-
mingslys. Bid dat die Wêreldwaarnemings-
lys baie meer oë sal laat oopgaan vir die
situasie van ons vervolgte geloofsfamilie.
Bid ook dat die Here by diegene in lande
op die lys sal wees.

20 Laos

Somkhit*, Anida* en hulle kinders se
Christen-geloof word vir hul gemeenskap
se tekort aan oeste geblameer, alhoewel
die eintlike rede h tekort aan reën in die
gebied is. Bid dat God die paartjie sal seën
en hulle en hul gemeenskap wat honger is,
sal voed.

21 Noord-Korea

Bid dat die harte van geheime Christene
versterk sal word en dat hulle altyd sal
onthou hoe hulle internasionale familie in
Christus hulle ondersteun, vir hulle bid en
omgee.

25 Indië

Bid teen "Ghar wapsi" (tuiskoms/omskake-
ling tot Hindoeïsme), wat kragdadig deur
Hindoe-ekstremiste in sekere afgeleë

(Indië vervolg)
gebiede in Indië afgedwing word. Bid vir
God se beheer oor hierdie situasie.

22 Nepal

Pramila Tharu*, wat deur haar man vervolg
word, sukkel om haarself te onderhou
omdat haar man haar nie finansiële
ondersteun nie. Bid dat God haar sal
versterk en vir haar sal voorsien.

23 China

John Zheng en sy vrou, wat vrywillige
onderwysers is, werk by 'n skool vir kinders
uit etniese minderheidsgroepe in die berge
van westelike China. Sommige van die
onderwysers en leerlinge het Christene
geword, en ander toon belangstelling in
die Evangelie. Bergsiekte beïnvloed egter
sy gesondheid. Bid vir sy gesondheid en
krag.

24 Mianmar

Bid vir versoening tussen die mense
en militêre leiers in Mianmar. Bid vir
die burgeroorlog om te stop en dat h
regverdigte regering in die land herstel sal
word.

26 Maleisië

Die regering het in Junie h herstelplan
geïnisieer wat geen voordele inhou vir
armes en laer klas mense nie. Baie van die
inheemse gelowiges is van hierdie groepe



(Maleisië vervolg)

afkomstig. Bid dat die regering h plan sal voorstel wat alle gemeenskappe in die land insluit.

27 Sri Lanka

Baie pastore, leiers en kerkplanters sukkel weens beperkings op samekomste om voldoende ondersteuning en geestelike voeding aan gelowiges te gee. Bid dat God deure sal oopmaak vir pastore en bedieningswerkers om hul kuddes te bedien.

28 Bhoetan

Bid dat kinders wat gereeld aanlyn-Sondagskool bywoon in hul geloof sal groei. Bid ook dat God al die Sondagskool-onderwysers en vrywilligers wat elke week die kinders help om God se Woord te leer, sal seën en vir hulle sal voorsien.

29 Mianmar

Bid dat die situasie in die land sal verbeter sodat ons opleiding soos vervolgings-

(Mianmar vervolg)

voorbereidingsopleiding kan implementeer, en ondanks reisbeperkings en probleme in bankdienste ons hulp aan gelowiges kan uitbrei.

30 Burundi

Toe Grace* se Moslem-man van haar bekering uitvind, het hy geweier om hul pasgebore seuntjie te sien of haar met die hospitaalrekeninge by te staan. Sy voel alleen en verlate. Bid dat God haar met Sy vrede sal vul en dat Hy in al haar en haar kind se behoeftes sal voorsien.

31 Marokko

Saffiya* is op soek na ander gelowiges in haar stad. Bid dat sy h groep sal vind om haar geloof mee te deel. Bid ook vir Abdel*, wat sy werk weens sy geloof verloor het. Bid dat hy h nuwe werk sal kry.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is weens sekuriteitsredes verander. Alle inligting was korrek teen druktyd.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Help ons om jou gebedskalender te verbeter

1. Hoe dikwels gebruik jy die gebedskalender?

- A.** Daaglik **B.** Weeklik **C.** h Paar keer
D. Skaars/ek gebruik dit nie

2. Waar bêre jy dit?

- A.** My Bybel **B.** Ek sit dit op waar ek dit kan sien
C. In h laai/ek gooi dit weg **D.** Ander

SMS jou antwoorde na 43699 (std. sms-tariewe geld).



Geopende Deure

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd




Open Doors South Africa
www.opendoors.org.za

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

 064 867 4730